

ROEPING & RIGLYNE

TERMYNBLAD VAN DIE VERENIGING
VIR CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS

ISSN 1029-8754

Jaargang 61 Nr. 3



Desember 2013



Voorstelling van die reformatore by die Lig van Gods Woord

Die fondament van ons geloof staan ewenwel vas

SO BELY DIE VCHO SY:

DOEL:

Die bevordering van

- ◆ Christelike opvoeding,
- ◆ Christelike onderwys en
- ◆ Christelike wetenskap

“Die hele Skrif is deur God in-gegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot tereg-wysing, tot onderwysing in die geregtigheid, sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus.” (2 Tim. 3:16 en 17).

GRONDSLAG

Ooreenkomstig die Calvinistiese Hervorming: die Heilige Skrif as die onfeilbare, geïnspireerde Woord van God, in sy geheel en in al sy dele.

“Die vrees van die HERE is die beginsel van die kennis; sotte verag wysheid en tug.” (Spreuke 1:7)

“Aan My is gegee alle mag in die hemel en op die aarde. Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het.” (Matteus 28:18-19).

MISSIE

Om deur die bevordering van Christelike opvoeding, onderwys en wetenskap, toegespits op ons eie volk, persone en instellings te lei om op alle terreine tot eer van God te lewe en te werk – vgl. Hand. 1:8 ■

SKRIFLIG

Geneem uit: *Calvyn vir vandag*. Dagstukke.

God met ons

Kyk die maagd sal swanger word en 'n seun baar en hom Immanuel noem – Jes. 7:14.

Dit is vir ons van groot belang dat Hy wat ons Middelaar sou wees, ware God en ware mens sou wees ... Ons kan nie na Hom opklim nie. Daarom was die saak ongetwyfeld hopeloos as die majesteit van God nie na ons afgekom het nie. So moes die Seun van God vir ons Immanuel word. Dit is: God met ons ...

Die werk wat die Middelaar moes doen was heel besonders. Hy moes ons herstel in die genade van God. En Hy moes dit so doen dat Hy uit kinders van mense, kinders van God maak. Uit erfgename van die hel moes Hy erfgename van die hemelse koninkryk maak. Wie sou dit kon doen, behalwe die seun van God wat ook seun van die mens geword het? Hy het wat ons s'n is, so aangeneem dat Hy wat syne is, op ons oorgedra het. Wat van nature syne was, het Hy deur genade ons s'n gemaak.

Waar ons op hierdie waarborg staatmaak, vertrou ons dat ons kinders van God is: die natuurlike seun van God het 'n liggaam van ons liggaam, vlees van ons vlees, been van ons been aangeneem, om dieselfde as ons te mag wees

... Hy het geen beswaar gemaak om te aanvaar wat eie aan ons was nie. So is weer wat aan Hom eie was, op ons betrek. En so sou Hy gemeenskaplik met ons Seun van God en seun van die mens wees ...

Hy moes die dood verslind. Wie sou dit kon doen behalwe Hy wat die lewe is? Hy moes die sonde oorwin. Wie sou dit kon doen behalwe Hy wat die geregtigheid self is? Hy moes die magte van die wêreld en die lug ten gronde rig. Wie sou dit kon doen behalwe Hy ...?

Inst. II, 12, I en 2

Die liefde wat U beweeg het om mens te word om vir ons te sterf, is self bomenslik.



IN HIERDIE UITGAWE

Redaksioneel	3
Handhaaf die taal	3
Konferensie	4
Amen en Belydenis	5
Gedenkmur onthul	9
Bybelse gesag	10
Spreuke om die Here te dien	11
Liefde vir die waarheid	15
Christelike geloof in die wêreld	19

Redaksioneel

In die Desember-uitgawe van ons blad sentreer in hoofsaak vanuit ons kosbare Reformasie-erfenis, naamlik die Bybel en ons Belydenisskrifte. Die onmisbare nalatenskap van die Reformasie kan so saamgevat word: dat die Bybel as Woord van God as't ware weer aan 'n volk teruggegee is/word om die heerlike en bevrydende boodskap daarvan aan die hart te druk en daaruit te lewe. Luther het by die besef hiervan hom ywerig daarop toegelê om die Bybel te vertaal, sodat dit vir die Duitse volk toeganklik sou wees. Calvyn het hom op die kommentare van die Bybel-boeke toegelê om die Evangeliese boodskap daarvan oop te maak en om die wesenlike van ons Christelike godsdiens in sy *Institusie* saam te vat. Reformatore in verskeie ander lande van Wes-Europa het hulle konkrete bydraes gemaak om die Reformasie dáár te laat deurbreek en posvat. Die *Heidelbergse Kategismus*, waarvan ons vanjaar die 450-jarige bestaan herdenk, maak deel uit van die rykdom van ons gereformeerde belydenis wat as latere vrug daarvan tot stand gekom het.

Watter groter erfenis as wat deur die Reformasie tot ons beskikking gestel is, kan daar maar in hierdie wêreld bedink word? Sonder hierdie onoortreflike geestelike erfenis sou ons ons geen besitting

van blywendheid vir die hiernou én die hierna kon bedink nie. Want die grootste grootheid van alles wat 'n mens hom/haar in die wêreld sou kon bedink of vergun, weeg nog nie in die minste op teen die allesoortreffende kosbaarheid van die Evangeliese Waarheid nie. Niemand sou dit kon betwis nie dat daar in ons ou wêreld groothede is wat aan ons menslike bestaan ware aansien en betekenis kan verleen. Daar is veel wat opgenoem kan word, maar tereg wys die Woord ons daarop dat die grootheid van wat die aardse lewe aan 'n mens sou kon bied, nog in geen opsig opweeg téén dié grootste en heerlikste wat ons Almagtige God ons deur sy Lewende Woord ryklik skenk en boonop nog waarborg nie. Waarborg teen waarborg opgeweeg kan die wêreld, met wat dit mense ook al sou kon bied, ons nogtans van geen blywende en ewige toekoms verseker nie, al sou ons belegging daarin ookal hoe groot wees.

Dit is inderdaad wat die Reformasie aan ons kom terugbesorg het, sodat ons ons lewens op die enigste vaste en onvernietigbare fondament van die Woord van die Waarheid sal bevestig. Op hierdie fondament van die Waarheid gebou, bestaan daar geen onseker faktore wat die geesteserfenis in enige opsig van ons kan

wegneem of dit skaad nie. Die beloftes van God aan sy gelowiges staan vas, al dring en druis dit rondom ons van die wêreldse braserye, uitspattighede en vergrype. Die enige sekerheid oor ons gewisse toekoms, wat ons deur die gawe van die geloof deelagtig geword het, is gegrondves in die onverganklike waarborge in en deur die Here Jesus gebied. Daardeur sal ons die ewige, salige heerlikheid verkry, hóé die toekoms wat ons tans in die wêreld ookal tegemoetgaan daar mag uitsien ...

Hier aan die einde van nog 'n jaar kyk ons in dankbaarheid terug, met die besef dat dit vele seëninge opgelewer het. Ons Hemelse Vader het weereens so voorsien dat ons ons program van werksaamhede kon afhandel, met genoegsame geleenthede en middele daartoe. Die innige dank van ons harte kom Hom voor almal toe vir alles waaraan ons deel kon gehad het, deur so bevoorreg te wees om in die wingerd te kon werk. Maar ook aan ons lede wat deur hulle ondersteuning en voorbidding die VCHO deur nog 'n jaar gedra het, betuig ons opregte dank. Dankie vir u ruim en volgehoue bydraes, wat ons in staat gestel het om die wiele aan die rol te hou. Ons lede bly vir ons 'n bron van inspirasie deur die wyse waarop hulle die VCHO se belange op die hart dra. 

Handhaaf die taalgegewe met erkenning en openheid

Moedertaal in dispuut?

In ons blad het daar van tyd tot tyd bydraes oor die noodsaak van moedertaalonderrig verskyn. Alhoewel dié beginsel wêreldwyd aanvaar en toegepas word, wil dit tog voorkom asof dit in Suid-Afrika nie so geredelik die geval is nie. Wanneer dit, bv., oor onderwys en opleiding gaan, blyk taaldiversiteit glad nie so 'n vanselfsprekende saak te wees

nie, selfs al is daar grondwetlike verskansings daarvoor.

Hooggeplaastes

Benewens dat ongekontroleerde uitsprake van sommige hooggeplaastes 'n mens oor hulle benadering tot taaldiversiteit laat wonder, is daar selfs ook nog diegene wat oor hierdie werklikheid (diverse taalgemeenskappe) in ontkenning lewe. Klaarblyklik is een van hulle

die rektor van die UV wat, aan sy onlangse uitsprake beoordeel, nie met taaldiversiteit gediend sou wees nie, wanneer dit by akademiese opleiding kom. Die samelewing sou kwansuis 'n plek van beter onderlinge begrip gemaak kon word, indien skoliere/ studente in 'n gemeenskaplike taal, Engels, as onderrigtaal geskool/onderrig

Vervolg op bl. 4

VCHO-konferensie te Pretoria

Die VCHO se konferensie oor “Bybel en Belydenis”, in medewerking met AROS, het op 5 Oktober te Pretoria plaasgevind. Dit was ’n mooi geleentheid wat die oggend saamgeval het met die opening tydens AROS se studente-evaluasie die Saterdag, in die pragtige ou kerkgebou van die Gereformeerde Kerk Kandelaar.

Voordragte en referente

’n Drietal voordragte is gedurende die oggend gelewer, waarvan die eerste oor “Amen en die belydenis” deur ds. Ronald Bain, hoofbestuurslid van die VCHO, gehandel het. Die voordrag is bekom en word, met dank aan ds. Bain, in hierdie uitgawe opgeneem (kyk bl.5).

Die tweede, deur prof. Callie Coetzee van die Noordwes-Universiteit se Potchefstroomkampus, het oor “Belydenis en die kerk” gehandel en is, wat die aanbidding betref, inhoudelik in ’n meer teologies-akademiese trant opgestel. Weens die aard daarvan word hierdie voordrag, met instemming van prof. Coetzee as ’n artikel vir ons geakkrediteerde *Tydskrif vir Christelike Wetenskap* aangebied. Vir lesers wat hierin belangstel, die ‘Opsomming’ van die voordrag deur prof. Coetzee word wel hierin opge-

neem (kyk onderaan asb.) Lesers wat daarin sou belangstel om die volledige artikel te bekom, kan met die kantoor hieroor skakel. Die gepubliseerde artikel sal met graagte aan u voorsien word.

Met die derde, nl. “Belydenis vandag” deur ds. Pieter le Roux, het hy nader aan die praktyk beweeg, deur veral oor die bronne en jongste kommentare op die *Formuliere van Enigheid* te praat, asook die identifisering en aanwending van hulpmiddels by kategese-onderrig. Ons gedenk hierdie jaar, bv., die *Heidelbergse Kategismus (HG)* wat destyds (450 jaar gelede in opdrag) hoofsaaklik deur Ursinus opgestel is om deur die kerk, die skool en die huis gebruik te word. Ds. Le Roux se bydrae word verwerk vir latere plasing, met die praktiese waarde daarvan.

Dankbetuiging

Ons betuig graag hiermee ons hartlike dank aan genoemde drie referente wat bereid was om inhoudryke voordragte te lewer in hierdie besondere jaar van die *HG*. Ons bedank ook almal by AROS wat op die een of ander wyse tot die aanbidding van die konferensie bygedra het, met talle reëlings wat getref moes word.

Voordrag oor “Belydenis en die kerk” deur prof. Coetzee

Opsomming

Die verhouding tussen Kerk en Belydenis is aan die een kant vanselfsprekend. Die kerk is gebou op die belydenis (Matt. 16). Aan die ander kant is dit ’n onderwerp wat telkens weer na vore kom en waaroor kerke in die Reformatoriese tradisie telkens weer moet besin, omdat die band tussen kerk en belydenis telkens bevraagteken of bedreig word. Die vraag is of die tradisioneel-reformatoriese siening van die verhouding tussen kerk en belydenis steeds gehandhaaf kan word. Die kerk self is ’n geloofsaak soos onder andere in Nicea en die Nederlandse Geloofsbelydenis, Art. 27-32 bely word. In die Bybel self word kerk en belydenis onlosmaaklik aan mekaar verbind (vgl. o.a. Matt. 16:18, Ef. 2:20, 1 Tim. 3:15). In die Gereformeerde teologie is hierdie band dan ook steeds gehandhaaf. Die belydenis is deel van die wese van die kerk. Aspekte wat hierdie verhouding in die huidige tyd bedreig, is onder andere die post-moderne tydsgees, standpunte van teoloë, veranderde kerkbegrip, skeiding tussen geloof en wetenskap, ens. Die enigste antwoord vir kerke van die Reformatoriese tradisie is die onverswakke handhawing van die band tussen kerk en belydenis. Daarsonder het die kerk geen toekoms nie.



Vervolg van bl. 3

word. Maar hoe sou so ’n samelewing nou eintlik daar uitsien? So ’n benadering gaan ooglopend téén dié wêreldwyd aanvaarde opvoedkundige beginsel in, en laat die vraag ontstaan hóé die onderskeie gemeenskappe wat deur die universiteit bedien word, se taalbelange op die hart gedra word, wanneer hulle so (by implikasie) van hulle wetlik-verskanste taalregte beroof wil word. Is die universiteit nog daar ter wille

van die samelewing, of het dit tans ’n ander funksie?, te oordeel aan hierdie soort uitsprake.

Besigheidslui

Maar daar is ook nog die groter gevaar dat mense wat van beter behoort te weet, die beginsel van taaldiversiteit oorboord gooi, bloot omdat hulle vanuit sg. besigheidsoorwegings, soos hulle dit stel, aan slegs een taal voorkeur gee. Die ontstellende tendens wat gevolglik in Suid-Afrika aangetref word is dat

talle ondernemings kies om hulle uitsluitlik van een taal te laat bedien en basta met die res. Die keuse wat in die meeste gevalle ten gunste van Engels gedoen word, openbaar ’n skrynende ongevoeligheid teenoor daardie klandisie/kliëntebasis wat, bv., aan ander tale voorkeur gee en geregtig is om in daardie taal bedien te word, sou hulle dit versoek. Die konsekwensies van die staatkundige bedeling waarin ons ons tans bevind is dat belange-

Vervolg op bl. 16

Amen en die Belydenis

*Voordrag gelewer tydens die VCHO-konferensie oor Bybel en Belydenis,
op 5 Oktober te Pretoria*

God en die mens sê beide Amen. Dink maar aan die woorde van die Here toe Hy nog op aarde was. "Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle", waarvoor waar die woord amen is. Of Openbaring 1:18: Moenie vrees nie; Ek is die eerste en die laaste en die lewendige; en Ek was dood en kyk, Ek leef tot in alle ewigheid. Amen. Trouens, Christus noem Homself die Amen in sy brief aan die gemeente in Laodisea. Ek is die Amen. In Jesaja 65:16 word God in Hebreeus die God van Amen genoem.

Die woord Amen het sy oorsprong in die Hebreeuse werkwoord woord *aman*, wat breedweg twee betekenisse kan hê: om te bevestig of te ondersteun en tweedens om te glo of te vertrou. Wanneer 'n mens hierdie betekenisse van naderby bekyk, dan blyk dit dat dit te make het met wat vas is. Iets word bevestig of ondersteun sodat dit stewig en vas is. Geloofsvertroue het ook te make met dit wat vas is. Die bywoord amen, wat afgelei is van *aman*, het vir die volk van God beteken: waarlik en sekerlik¹ en is dikwels gebruik in die Ou Testament. Amen kon dus dui op 'n bevestiging van die waarheid of die vertroue dat iets waar is.

Dis met die hele agtergrond van die Ou Testament dat Christus Homself die Amen noem. Hy is die Waarheid, Hy is die bevestiging van al God se beloftes. In Hom trek die hele heilsplan van God saam as 'n bevestiging van alles wat God van Homself geopenbaar het. Wanneer Hy

praat dan beteken Amen niks anders nie as: dis waar en seker, want Ek het dit gesê. Ek is die Amen.

Meermale word die woord Amen egter deur die Here se kinders gebruik en dan in die sin dat dit 'n vertroue is dat iets waar is. Wanneer ons bid maak die Heidelbergse dit in vraag en antwoord 129 duidelik dat ons Amen geloofsvertroue beteken. Ons vertrou dat God ons gebed verhoor op grond van Christus se werk. Hierdie Amen gryp vas aan God se trou en nie aan die krag van die gebed nie. Dit gryp vas aan God se beloftes en nie aan die geloof van die bidder nie.

Die gemeente gebruik die Amen egter ook in ander kontekste, waarop ons nie nou almal gaan let nie. Ons let op die Amen wanneer die gemeente haar geloof bely. Die geloofsbelydenis van Nicea sluit spesifiek af met Amen. Dis nie God se Amen nie, dis nie God wat die waarheid van die Belydenis bevestig nie, dis die gemeente wat Amen sê.

Wat bedoel ons egter wanneer ons Amen sê op die belydenis? Is dit dieselfde as die gebed se Amen, bevestig die gemeente dat dit die waarheid is, verklaar die gemeente dat die belydenis waar en seker is? Het die Amen van Christus iets met ons Amen te make?

Met hierdie vrae is ons by die hart van die aard van die Belydenisskrifte. Ons wil veral fokus op drie beskouings rakende die aard van die kerk se belydenis en hoe dit die kerk se Amen daarop raak.

Die Roomse kerk se Amen

Die Roomse kerk verstaan die Amen ten diepste as kerklike

bevestiging. Ons sien dit al by die Roomse verstaan van die vorming van die kanon. Die kanon is kanon omdat die kerk so sê. Die kerk ontvang die gesag om die kanon te bepaal. Hierdie gesag is daarin geleë dat Petrus en sy opvolgers die rots is waarop Christus sy gemeente bou. In die Roomse verklaring van Matteus 16 en Petrus se belydenis dat Jesus die Christus is, lê die leer oor die Pouslike opeenvolging en die onfeilbare gesag van die kerk. So glo hulle sal Christus ook sorg dat die kerk nie oorweldig word deur die magte van die duisternis nie. Deur die onfeilbare pous.

Die gedagte is dan dat Christus sy gesag oordra en 'n onfeilbare verteenwoordiger op aarde het. Daarin is nie net die Pous se gesag geleë nie, maar die Roomse kerk se gesag. Die kerk het gesag, want die Pous is die verteenwoordiger van Christus. Die finale gesag lê dus by die Pous wat namens die kerk praat.²

Daarom is die kerk se werke ook goed, selfs oortollig, want sy het Christus se gesag. Daarom is die kerk se besluite bindend, want dit het dieselfde gesag as die Skrif. Vanuit hierdie leer van die genoegsaamheid van die kerk se werk en van haar gesag kom die noodwendige gevolg dat die kanon deur 'n kerklike besluit vasgestel is. Die kerk het gesê! Daarom dra die kerk die Skrif.

Hierdie standpunt word baie duidelik in die vorige pous se toespraak by Regensburg waarin hy die Reformasie se belydenis van

² Boettner, L. 1964. *Roman Catholicism*. P. 89.

¹ Brown, Driver and Briggs. 1907. *A Hebrew and English Lexicon of the Old Testament*. P. 53.

Sola Scriptura beskryf as 'n tipe ontkerkliking van die Skrif. Die bedoeling van sy toespraak kom daarop neer dat die Skrif se gesag ten diepste geleë is in die gesag van die kerk.³ Sola Scriptura is volgens hom juis die stroping van die Skrif se gesag en daarvan is die kritiese teologie 'n hartseer bewys.

Vir ons bespreking is dit van belang om te besef: wanneer die kerk die gesag van die Skrif verseker is dit noodwendig dat die kerklike Belydenis se gesag ook by die kerk geleë is. Die kerk se dade is goed, kerklike besluite is onfeilbaar en weerspreek mekaar nie. Daarom is die belydenis iets wat die kerk gesagvol voortbring. Dis 'n kerklike proklamasie, 'n kerklike standpuntname. Dis waar, want die kerk sê so.

Die Roomse kerk sê dus heelhartig Amen op die kerklike belydenisse, ook op hulle kategismus, die besluite van die konsilies, maar nie net as instemming nie. Dis juis 'n kerklike bevestiging en vasstelling. Die kerk sê Amen, want die kerk het die mag om Amen te sê!

Die Amen van die Reformasie

In die Reformasie van die 16de eeu het daar 'n ongekende hoeveelheid belydenisskrifte ontstaan. Vanuit die besef van die genade van God is die gesag van die Skrif ook opnuut weer erken. Ons moet tog weer daaraan dink hoedat die besef van God se reddende genade die hele Reformasie se stimulus was. Genade maak die kerk ontvangers, men-

se wat die waarheid kan glo. Al is ons hoe verlore en deurtrek van die sonde, openbaar God Homself en bring Hy die kerk tot geloof. Ten spyte van ons sonde en gebrokenheid kan die kerk die waarheid erken en glo. Dan kan die kerk ook die waarheid bely teenoor die dwaalleer sonder twyfel.

'n Mooi voorbeeld hiervan is die gereformeerde belydenis rakende die vorming van die kanon. Die gereformeerdes het nie bely dat die kerk die kanon vasgestel het nie, maar dat die kerk die kanon erken het. Al was dit 'n kerklike besluit, lê die gesag nie in die besluit nie. Hierin moet ons fyn onderskei. Ons bely dit ook in NGB 5. Ons erken hierdie boeke as heilig en kanoniek, nie juis omdat die kerk hulle aanvaar en as sodanig beskou nie, maar omdat die Heilige Gees in ons hart getuig dat hulle van God is. Nie die kerk nie, maar die Woord en Heilige Gees – daar lê die gesag.

Die gesag van die Skrif is in homself geleë. Die feit dat hierdie boeke kanon is word deur die Skrif bepaal en die kerk moet dit erken. Ja, die kerk kan dit ook erken, die kerk kan dit deur God se genade bely. Daarom dra die Skrif die kerk en nie die kerk die Skrif nie. Ook die belydenis van NGB 5 en watter boeke kanoniek is dra nie gesag omdat die kerk dit bely nie, maar omdat God in sy genade die kerk tot belydenis bring.

Hierin lê die band tussen Sola Scriptura en Sola Gratia, dat die kerk die Skrifte as kanon kan erken en dat die kerk tot belydenis gebring word. Belydenis is dus nie 'n geloofsantwoord wat die kerk uitdink nie, maar die gevolg van openbaring. Die gemeente is nie uitvinder of beskiker daaroor nie, maar die waarheid beskik oor die gemeente sê prof. Dolf Britz so raak in 'n arti-

kel van hom⁴. Of soos Polman dit so mooi verwoord in sy kommentaar op die NGB: Dis nie die kerk wat die waarheid vind nie, maar die waarheid vind die kerk en so moes die kerk daarvan getuig en bely.⁵ Daarin lê die voortbestaan van die kerk dan ook, nie in Petrus wat die rots is nie, maar in Christus wat sy kerk tot belydenis van die waarheid bring.

Natuurlik is die Belydenisskrifte ook 'n kerklike proklamasie om te sê: dis wat die kerk glo en dis wat die kerk moet glo. Die Sinode van Dordrecht het besluit watter belydenisskrifte deel sal wees van die drie formuliere van enigheid. Die Belydenis is iets wat die kerk sê, dis nie gelyk aan die Skrif nie.

Tog, en dit is die punt, lê die gesag van die Belydenisskrifte nie daarin dat dit iets is wat die kerk besluit het nie, net so min as wat die erkenning van die kanon gegrond is op die gesag van die kerk. Die Reformasie se antwoord op die kerklike Belydenis was instemming. Juis omdat hulle Christus vertrou het as die Amen wat sy kerk genadevol tot belydenis bring.

Wat in die Belydenisskrifte staan is nie waar omdat die kerk Amen sê nie, die kerk sê Amen omdat dit wat in die belydenis staan die waarheid is. Vir die gereformeerdes is die Amen dus 'n gelowige en vertrouensvolle instemming met die waarheid.

3 Apostolic journey of his holiness Benedict XVI to München, Altötting and Regensburg. Aula magna of the University of Regensburg. Tuesday, 12 September 2006. *Faith, reason and the university, memories and reflections*. Verkrygbaar by www.vatican.va.

4 Britz, R.M. 1999. Goeie wyn het nie 'n uithangbord nodig nie. Die onmisbaarheid van die Gereformeerde Belydenisskrifte vir die gemeente vir vandag. *UV Teologiese Studies*, 1(10): 5-13.

5 Polman, Adr. 1970? *Woord en belydenis*. Eenvoudige verklaring van die Nederlandse Geloofsbelydenis. Eerste deel. Franeker: Wever. P. 10.

Die Amen van die Quatenus-standpunt

Nou kom ons by die derde denkrigting, wat sy oorsprong in die Reformasie het, maar sy reformatoriese erfenis verlaat het. Diegene wat Amen sê op die belydenis, maar net in soverre dit met die Skrif ooreenstem. Dis die bekende onderskeid tussen die quatenus standpunt, wat omdat beteken, en die quatenus standpunt, wat in soverre beteken. Sê ons Amen omdat die belydenisskrifte ooreenstem met die Skrif, soos die Reformasie gesê het of sê ons net Amen in soverre die Belydenis met die Skrif ooreenstem?

Ons kry hierdie gedagte bv. al baie sterk by 'n groepering van die Dordtse Sinode van 1618/19 waar die Remonstrante onmoontlik wou dink aan 'n ondertekeningformulier waarin hulle die Belydenis onderskryf omdat dit met die Skrif ooreenstem. Uitenbogaert, een van die leiersfigure onder die Remonstrante, was van mening dat so 'n ondertekening van die Belydenisskrifte 'n aantasting is van die uitsluitende normatiewe gesag van die Skrif. Ons kry dit later in 1854 dat die Hervormde kerk in Nederland verwag dat predikante slegs moet instem met die gees en hoofsaak van die formuliere van enigheid.⁶ Baie kerke het hierdie pad begin loop.

In die 20ste eeue kry ons hierdie standpunt ook by iemand soos die wêreldberoemde teoloog Karl Barth. Die kerk is soekend, die kerk tas na die waarheid. Dis nooit pasklaar nie. Ons moet altyd daaraan dink dat God in die hemel is en ons op die aarde en daarom bepaal die kerk die waarheid, maar nie as volledig bindend nie. Dit beteken dat die

quatenus standpunt aan die Belydenis slegs kerklike gesag toedig. Anders as Rome is hierdie kerklike gesag nie juis betroubaar nie. Die kerk is nog op weg met die waarheid, soekend en tastend. Sy is voorlopig besig om tot 'n formulering van die waarheid te kom en daarom kan sy net Amen sê in soverre die Belydenis ooreenkom met die Skrif.

In hierdie geval is die vraag egter nie net wie bepaal wat binne en buite die in soverre lê nie en watter gedeeltes van die Belydenis dan in lyn met die Skrif is en wat nie. Daar is 'n belangriker vraag as dit: kan die kerk enigsin nog Amen sê? Anders gesê: is dit vir die kerk moontlik om die waarheid so te bely dat dit ooreenkom met die Skrif? Kerke wat die quatenus standpunt onderskryf moet noodwendig ook vrae begin vra oor die kanon en oor die vorming van die kanon. Wie eerlik by die quatenus standpunt is moet noodwendig ook begin peuter met die kanon, want die Belydenis is voorlopig.

Die quatenus standpunt is die gevolg van 'n massale hermeneutiese verskuiwing weg van die Skrif af. Die genadewerk van God word weer verruil vir die feilbare werk van mense. Dit maak dat mense sê: die kerk moenie so geredelik in die indikatief praat nie. Die kerk moet eerder met groot nederigheid die ou ortodokse sienings in 'n nuwe taal verwoord wat relevant is vir die moderne mens. Die kerk is nog op weg en soekend. So 'n kerk wat nie kan of wil glo dat hulle Amen kan sê op die Belydenis nie loop die reële gevaar om oorweldig te word deur die magte van die doderyk.

Met die quatenus standpunt het ons dus nie meer met die erkenning van die waarheid te make nie, maar met 'n onsekere kerklike bevestiging. Hierin sien ons ook die ooreenkoms tussen die

quatenus standpunt en Rome. Die gesagsbron is die kerk. By Rome is die gesagsbron onfeilbaar en by die quatenus standpunt is die gesagsbron eintlik nie betroubaar nie, maar dit is dieselfde gesagsbron.

In beide gevalle maak dit nie meer sin om Amen te sê op die belydenis nie. Wanneer die kerk die Amen van die belydenis is, maak dit die kerk ten diepste irrelevant. Dan verkondig sy nie meer die waarheid van die Woord nie, maar dan word die kerk maar net 'n naprater van haar eie tradisies of die ideologieë van ons tyd. Wanneer die kerk nie meer kan bely dat ons Amen kan sê omdat Christus die Amen is nie, het sy waarlik niks meer te sê nie.

Amen in Christus

Die kerk se Amen op die Belydenis begin egter daarby dat Christus self die Amen is. Hy is die getroue en waaragtige getuie. Dis Hy wat in sy ewige trou nie net die Skrif vir die kerk gee as onfeilbare bron van die geloof nie, maar Hy bring die kerk ook tot geloof en tot belydenis van daardie geloof. Hy openbaar en sê Amen en dan sorg Hy dat die kerk dan Amen daarop kan sê. Hy verseker die kerk van die waarheid, sodat sy Amen kan sê. Nie deur 'n bonatuurlike openbaring nie, maar deur sy Woord en Gees. Deur sy genade.

Daarin is die Amen van die ware kerk geleë. Nie by die sekerheid van ons gesag soos by Rome of die nederige onsekerheid van die waarheid soos by die quatenus standpunt nie, maar by die sekerheid van Christus se werk. Die vaste vertrouwe, dat Christus die kerk daartoe bring om Amen te kan sê, al is haar beste werke nog met sonde bevestig.

Dan kan die kerk die opdrag van Hebreërs 10:23 uitvoer: Laat ons die belydenis van die hoop onwankelbaar vashou, want Hy wat

⁶ De Klerk, P.J.S. 1954. *Gereformeerde Simboliek*. P. 25.

Vervolg van bl. 7

dit belof het, is getrou. Die kerklike Belydenis en die vashou daaraan is 'n daad van die kerk, maar dis God se genadewerk in ons. Die kerk hou die Belydenis onwankelbaar vas, want dit verwoord die onwankelbare waarheid van die evangelie. Die kerk hou onwankelbaar vas, want Hy wat belof het is die Amen. Daarom moet die kerk dan heel-

hartig Amen sê op die geloof wat ons bely. Die kerk moet haar hartlike instemming betuig en met haar mond, hart en hele lewenswyse erken dat dit die waarheid is. Die kerk wat so heelhartig Amen kan sê sal deur Christus bewaar word, sodat die poorte van die hel haar nie oorweldig nie.

**Ronald Bain
Potchefstroom**

Dankbetuiging

Ons betuig graag hiermee ons opregte dank teenoor die lede wat in antwoord op die oproep in ons vorige uitgawe, hulself bereid verklaar het om 'n leningsbedrag toe te staan vir die aanbring van die boekrakke. Dit het ons in staat gestel om 'n begin te kon maak met die vervaardiging daarvan en die werk sal na verwagting vroeg in 2014 voltooi kan word. Nogmaals baie dankie.



Kyk berig op bl 9

Gedenkmuur in die Vrystaat onthul

Gedenkwaardige dag

Dit is Saterdag, 2 November, op 'n boereplaas in die Vrystaat. Motors kom daar aangery uit verskillende dele van die land. By aankoms word die besoekers met hartlike gasvryheid begroet en verwelkom. Tussendeur heers daar 'n gedempte, maar merkbare opgewondenheid. Met goeie rede, aangesien op daardie plek 'n gedenkwaardige program van verrigtinge die oggend aangebied word.

31 Oktober bly immers 'n uitsonderlike dag vir gereformeerdes wat die Bybel nog as die gesagvolle Woord van God erken, die Christelike belydenis en leer handhaaf en die geestelik-ryke en onuitgeputte nalatenskap van die Reformasie in hulle harte bewaar. Soos wat die besoekers daar aankom is hulle eerste waarneming, benevens die plaaoftal, 'n opvallende gedenkmuur; nie opgesmuk nie, maar met 'n eenvoudige simboliek wat duidelik tot jou spreek. Besoekers is vooraf daarop attent gemaak dat 'n plegtige onthulling van die gedenkmuur sal plaasvind.

Hervormings-erediens

Eers egter: besoekers word gevra om saam met die gemeente wat hierdie besondere gedenkmuur geïniseer en opgerig het, hulle plekke in 'n kleinerige nabygeleë kerkgebou in te neem, ten einde deel te hê aan 'n erediens wat die Hervorming gedenk. Dit is opvallend dat hierdie aanbiddingsplek slegs die nodige en tersaaklike bevat: pratige houtbanke, 'n preekstoel sonder baie swier, 'n orrel met helder tone; dit is wat die besoeker daarinne waarneem.

Die erediens begin met die votum en lof-Psalm, gevolg deur Skriflesing en gebed. Daarna is dit suiwer evangeliese waarheid wat gepredik word, n.a.v. Johannes 17. Besoekers en gemeentelede luister met eerbiedige aandag na die eksegetiese oor die hoëpriesterlike gebed van die Here Jesus, waar-

van die diepte nie ten volle deur 'n mens gepeil kan word nie. Trefsend, maar appelerend is die verkondiging van die Woord en dit raak die toehoorders aan. Dit is of 'n mens in afwagting luister dat die prediking net moet aangaan; helaas moet dit afgesluit word. Uit die kragtige Psalm 48 word ten slotte saamgesing.

Met die erediens afgehandel, maar die sielsversterkende boodskap nog duidelik in die gemeedere, word die toehoorders oor die betekenis van die Reformasie vir ons tyd toegesprek. Prof. AWG Raath voer die woord en gaan in meer besonderhede op die begroenheid van die Hevorming op die waarheid van die Woord van God in, en hoe dit opnuut in ons heersende tydsgeewig deur gereformeerdes opgeneem en uitgeleef moet word. Die rede dáár deur hom gevoer, word volledig op bl. 15 van hierdie uitgawe weergegee.

Onthulling van gedenkmuur

Hierna word na buite beweeg om verversings te geniet, om daarna plekke voor die gedenkmuur in te neem. Dit is 'n plegtige oomblik, waartydens vooraf eers op die kosbare geesteserfenis van die Reformasie ingegaan word. Volgens word tot die onthulling van die gedenkmuur oorgegaan, met vermelding van die oorwegings wat tot die oprigting daarvan gelei het. Dit is die resultaat van 'n pragtige gemeentelike inisiatief, met die doel om van blywende betekenis vir nageslagte te wees.

Soos dit hoort, word in die onthulling van die gedenkmuur die reformatore gedenk. Oor elk van die agtal gekose reformatore se erkende individuele bydrae tot die Hervorming word vooraf 'n woord gesprek. Telkens nadat daar meer oor die lewe en werk van die reformatore in persoon mededelings gedoen word, word elkeen se borsbeeld onthul. Die bedekking wat vroeër daarvoor aangebring

was word weggeneem, om een na die ander se borsbeeld in brons op 'n pragtige voetstuk tevoorskyn te bring: Luther, Zwingli, Farel, Melancton, Bullinger, Calvyn, Knox, Beza!, soos hulle daar in die gedenkmuur opgestel is.


Wat 'n aangrypende gesig om die reformatore se borsbeelde in die helder Vrystaatse sonskyn teen die agtergrond van die gedenkmuur te aanskou. Treffend is die huldiging wat op hierdie dag daar digby die Vetrivier tussen Bultfontein en Theunissen aan die werk van die reformatore en die wêreldwye betekenis van die Reformasie vir die kerk en die volk gebring word.

Bybel sentraal

Tussenin, in die middel van die beeldegroep, die oopgeslane Bybel in graniet wat die sentrale plek in die gedenkmuur inneem, met die volgende daarop uitgegraver: "Dit is van den Heer geschied", en die teksvers daarby:

Toe sing hulle 'n nuwe lied en sê: U is waardig om die boek te neem en sy seëls oop te maak, want u is geslag en het ons vir God met u bloed gekoop uit elke stam en taal en volk en nasie, en het ons konings en priesters vir onse God gemaak, en ons sal as konings op die aarde heers. (Open 5:9-10).

Slot

Wat 'n voorreg om hierdie aanskoulike onthulling te kan bywoon en deel te wees van die gedenkplegtigheid. Vir elkeen wat op hierdie dag aan die voorreg daarvan deel het, is dit 'n geleentheid om opnuut in herinnering te roep watter ontsaglike rykdom aan geestelike nalatenskap deur die Reformasie teweeggebring is, deur aan die lewende, kragvolle Woord van God weer die ereplek in al die lewens(uit)gange te gee, dit as dié gesagsbron vir ons lewens te bely, en die Here te dank vir sy bewaring van die ware kerk deur al die eeue. 

Wat beteken die Bybelse gesag?

Geneem uit dr. JA Heyns se Brug tussen God en mens (ble. 100-102)

Die Bybel het gesag, omdat, en alleen omdat dit die boek is van Gods spreke,¹ en dáárom het die Bybel ook as boek van mense, as boek van en vir die menslike eksistensie, as boek van die kerk en as boek uit die geskiedenis, 'n boodskap en dus gesag. Nêrens anders in die wêreld kan die spreke van God hier en nou betroubaar verneem word, as behalwe in die Bybel nie. Daarom is die gesag van die Bybel die gesag wat God daaraan toeken, omdat Hy daarin en daardeur die mens aanspreek. Met reg merk die opstellers van 'n rapport oor die gesag van die Skrif wat voor die sinode van die Christian Reformed Church in 1971 gedien het, dan ook op: "The authority of the Bible is the authority of God himself and that can never be adequately defined but only confessed".² Die gesag van die Bybel is dus afgeleide of verleende gesag en nie absolute gesag nie. Absoluut (*absolvere* – losgemaak) is God alleen, sodat selfs nie die Bybel of sy gesag absoluut genoem mag word nie. Die Bybel het iets om aan die mens te sê, en het 'n reg om dit te sê, ten diepste omdat dit God is wat aan die mens iets wil sê. Dit het God behaag om sy spreke tot die mens in skiftelike vorm vas te lê en voortdurend weer van dááruit die mens van alle tye m.b.t. *a/* sy doen en late aan te spreek. Daarom hang die gesag van die Skrif direk saam met die openbaring en die teopneustie: 'n kennisinhoud wat die mens self op geen enkele wyse kon bekom nie, maar direk van God afkomstig is, is deur die Bybel-skrywers onder leiding van die Gees betroubaar op skrif gestel.³

Ons het vroeër reeds gehoor dat God Hom nie in deïstiese sin ná die ontstaan van die Bybel daarvan losgemaak en onttrek het nie. Ook ná die ontstaan van die Bybel is dit God wat die Bybel nog steeds sý woord maak. Daarom is die Bybel

radikaal anders as die moderne bandmasjien. Want wanneer die band gedraai word, word die stem wat daarop vasgelê is, gehoor, ongeag of die persoon self op daardie oomblik praat of swyg, ja, ongeag of die persoon self nog lewe. So onafhanklik van God is die Bybel nie. In 'n sekere sin is die Bybel dus nie 'n geslote boek nie, maar 'n oop boek: oop na God wat dit voortdurend deur sy spreke tot sy woord maak en daardeur voortdurend aan die Bybel gesag verleen;⁴ oop ook na die mens, wat die gesag daarvan alleen in die geloof kan erken. Aan hierdie aspek gee ons later weer aandag.

Omdat die gesag van die Skrif ten diepste niks anders is as die gesag van die persoonlike God wat Hom⁵ via die Skrif tot die mens rig nie, daarom is die gesag van die Skrif geestelik van aard. Dit dra nie die trekke van 'n duistere diktatuur wat die mens teen wil en dank oorrampelend neervel nie. Dit is geen despotiese mag wat die mens dwangmatig verplig tot blinde aanvaarding nie. Die gesag van die Bybel is nie 'n vreemde gesag wat van buite af eenvoudig outomaties beslag op die mens lê en desnoods sonder insig en kennis 'n reaksie van hom vra nie.⁶ Nee, die gesag van die Bybel, wat wel los en onafhanklik van ons, vóór ons en bó ons staan, word sigbaar en effektief, nie buite alle menslike aktiwiteit om nie; ook nie teen alle menslike reaksie van verwerping in nie, maar in die menslike aksie van die geloof. Trouens, die spreke van God in die Skrif, roep geloof in die hart van die mens op en deur hierdie geloof erken die mens die gesag van die Bybel.⁷ Meer nog: die verdieping van die gemeenskap met die sprekende God, staan in 'n direkte verband met 'n vergroting van die gesag van die Skrif. Ons kan ook sê: des te groter die geloof, des te groter die gesag van die

Bybel oor die mens. Vir geen oomblik beteken dit dat die gesag gesag word in die daad van ons erkenning nie. 'n Dergelike voorstelling spreek bv. uit 'n opmerking soos die volgende: "Authority is therefore a present reality only when men experience it as authority".⁸ Dit moet as 'n subjektivistiese siening van gesag afge wys word. Hiervolgens sou ons die gesag van die Bybel self skep in en deur die daad van ons geloof. Maar daar is wel 'n subtile korrelasie tussen die objektiewe gesag van die Skrif en die subjektiewe gehoorsaamheid van die gelowige, wat nie kreatief van aard is nie, maar reseptief, nie skeppend nie, maar ontvangend. Die Skrif mag nooit iets anders as 'n "teenoor" wees en bly nie – want dit is die Woord van God en daarop is die mens in sy subjektiwiteit wel betrokke, maar nooit mag die subjektiewe 'n projektiewe krag ontvang nie (vgl. Gal. 1:11). Wie die Skrif gehoorsaam, gehoorsaam nie homself nie, ook nie die kerk nie, maar God self.

¹ "Ultimately, of course, this authority is the authority of God himself and not that of the Bible as a book" ("The Authority of the Bible", in: The Ecumenical Review, Vol. XXIII, Nr. 4, Okt 1971, p. 426).

² Agenda 1971, Synod of the Christian Reformed Church, 2850 Kalamazoo Ave., S.E., Grand Rapids, Mich. 49508, p. 303.

³ "Throughout Scripture biblical authority is inseparable bound up with the historical reliability of the biblical witness to events which really happened" (Agenda 1972, C.R. Church, p. 303).

⁴ Vgl. Otto Weber, Grundlagen der Dogmatik, Bd. 1, p. 301.

⁵ G. van Leeuwen wys op die feit dat daar in Hebreeus en Grieks nie 'n woord is wat as egte ekwiwalent vir die begrip gesag of outoriteit aanvaar kan word nie. "Wel vinden we in het O.T. een reeks van woorden voor macht, majesteit, het oefenen van koninklijke heerschappij, bevel, bevelvoering, maar nergens een woord voor het van de gezagsdrager geabstraheerde 'gezag' ("Bijbels-theologische notities bij het gezagsprobleem", in: Rondom het Woord, 10e jg. nr 1, Jan. 1968, p. 60).

⁶ Vgl. Berkouwer, De Heilig Schrift, deel 2, p. 420.

⁷ Vgl. H.W. Rossouw, Klarheid en Interpretasie, p. 158.

⁸ "The Authority of the Bible", in : The Ecumenical Review, Vol. XXIII, nr. 41, Okt. 1971, p. 427.

Goddelike wysheid “om die Here te dien” in die Boek Spreuke

Opgestel deur emeritus prof. Fanie Riekert

2. Spreuke maak ons wysheidsoë oop en ons sien die orde van God raak

Kom ons gaan terug na die uiteensetting oor Spreuke in die vorige uitgawe, en by name na die vyf rosette by Calvyn se kollege. Spr 1:7 figureer in die middel. Dit word ook andersins beskou as die leuse van die hele Spreukeboek waar dit herhaal word in 9:10, in enigsins gewysigde bewoording. Dan lyk dit of Spr. 5:1 en 1 Kor 1:30 die eerste konsentriese verband vorm: luister na, gee ag op die wysheid en Spr 9:1 en Jak. 3:17, wat uitnooi om deel te kry aan die wysheid as tweede konsentriese verbinding.

Spr. 1:7 verskillende vertalings

AB53 Die vrees van die Here is die beginsel van die kennis; sotte verag wysheid en tug.

Gispen (letterlik in Afrikaans vertaal)
Die vrees vir die Here is die begin van die kennis; dwase verag wysheid en tug.

AB83 Kennis begin met die dien van die Here; dit is net dwase wat wysheid en opvoeding gering ag.

Hierdie vers as kernspreuk stel die aard, doel en grondslag van die Spreukeboek: Die feit dat ware kennis gegrond is op die dien van die Here = vrees vir die Here, wys op die erkenning van

die Here as die punt waar wysheid begin. Die woordsamestelling kom 14 keer in die Bybel voor; die eerste weergawe is in die AB33 en AB53 en die tweede in AB83. Die diens aan God word ten nouste verbind aan wysheid of kennis en daarmee word die lewenswyse van die gelowige in Spreuke aangedui. Ware kennis omvat dus die praktiese gelowige lewensondervinding van iemand wat naby God leef. In ander dele van die Ou Testament dui hierdie uitdrukking op respek, eerbied, ontsag van mense vir God in terme van 'n geloofsverhouding.

Onbetwisbaar sien ons dat wysheid vir die Ou Israeliete 'n godsdienstige saak was. Die vers wil juis die vrees vir of die diens aan die Here aanbeveel en die veragting van die wysheid en tug afraai. As wysheid nie hier begin nie, dan het ons dwaasheid. Wat duidelik is is dat Spreuke die mensdom in twee kategorieë indeel. Eerstens die dwase: onervare ten opsigte van wysheid, die onverstandiges, die ligsinniges, die goddeloses. Dit is 'n kategorie mense wat God en daarom ook nie mense in ag neem nie. Ons kan sê hulle leef net vir hulself. Onvermydelik vra hulle nie en dink nie na oor wat die gevolge van hulle dade sal wees nie en hoe dit ander sal raak nie. Die implikasie is dat kort voor lank loop hulle lewe op 'n ramp uit.

Die tweede kategorie mense, bring ons ook uit by die tweede hoeksteen van die boodskap van Spreuke: Van om God te dien tot God se orde in die skepping.


Wat vind ons dan: Die vrees vir die Here koppel aan die skeppingsorde en aan beloning! Daarom gaan om God te dien gepaard met vreugde, voorspoed en 'n lewe in vol en ryke sin. Die wyse is oop vir God en vir sy medemens. Hy/sy val in by die reëls en by die Tien Gebooie, en is dan ook suksesvol in sy/haar lewensgang. Die wyse besin eers en doen dan. Hy probeer agterkom hoe die dinge in die wêreld inmekaar steek en wat die samehang is. Wysheid vir die Israeliete, soos vir die oud-Oosterlinge, is die soeke na samehang en sin in die wêreld en in die lewe. Hier het ons die begrip orde by die wysheidsleraars – 'n begrip wat 'n hoeksteen en 'n belangrike een van die wysheid by die Ou Israeliete is.

Volgens die wysheidsleraars was daar 'n orde in die wêreld wat God daar gestel het. Hierdie orde raak die mens en die natuur. God stel die mens in staat om hierdie orde te leer ken. Boonop waarborg God die skeppingsorde. Vanuit hierdie gesigshoek is alle wysheid ook godsdienstig van aard. Deur die genade kan 'n mens inskakel by die orde van God en in ooreenstemming daarmee leef.

Onlosmaaklik kom die belonings- en vergeldingsgedagte na vore. As 'n mens die wysheidsvoorskrifte gehoorsaam, dan aanvaar jy die gesag van God en skakel jy in by die orde van God. Hierdie beloning of vergelding gaan uiteindelik terug op God, die insteller en handhawer van die orde.

Vervolg op bl. 12

Skematies stel ek dit soos volg voor.



Hierdie wysheid – is Jes. 28:23-29 bevrees – kan so maklik verontagsaam word. Jes. 28:22 stip dit uit. Daarom dra i. die wêreld, ii. Oud-Israel, iii. die Kerk die oordeel van ons praktiese godloosheid en van die eimagtige versmalling van God se wet vir die samelewing. Ons kan dit veronagsaam, maar nie ongestraf gaan nie. Dit gebeur waar ons stelselmatig ophou om Daders van die Woord te wees (Jak.). Die weg is om te luister en te doen – ’n moeilike weg, maar die enigste weg.

Verlede uitgawe het ons ook gesien hoe Spr. 16:4 en 6 illustreer dat in laaste instansie die Here bepaal hoe sake moet verloop, omdat die Here die orde in sy skepping gelê het en so loop dit. Aan die eenkant sal God die onreg vergeld; aan die anderkant as jy die Here dien en in wysheid Hom gehoorsaam, sal jy die goddelike harmonie en vrede ervaar.

Spr 16:16-25 het ons geleer dat God uiteindelik agter alle voorskrifte en oorlegginge staan. Die wysheidsleraars het aanvaar dat hulle riglyne kan opstel aan die hand waarvan mense by die skeppingsorde kan inskakel. Die

Spreuke-gedeeltes van vandag bou voort daarop.

Spr.10:17 Verskillende vertalings:

AB 1983

Wie hom laat leer, ken die pad na die lewe;
Wie teregwysing verwerp,

{ dwaal van die pad af. laat ander dwaal (wat onder sy invloed is).


AB 1953

’n Pad ten lewe is hy wat die tug

{ bewaar } (op die tug let, ag in ag neem; } gee op tug)

maar hy wat die teregwysing veronagsaam, raak verdwaald.

Merk op: *die teenstelling tussen respek vir en verwerping van die wysheidsonderig. Hy wat die tug in ag neem, toon deur sy optrede dat hy op die pad van die lewe is. Wie die tug/teregwysing/ die ontvangte onderwys/die lesse by die opvoeding gegee deur ouers en wyses bewaar, is self ’n pad na die lewe, en is deur sy optrede die instrument waardeur ander tot die lewe kom. So iemand vorm deur sy/haar optrede ’n pad wat na die lewe lei. Veronagsaming van die wysheid laat so iemand dwaal of*



Vervolg van bl. 11

laat hy/sy ander dwaal. **Be- langrik: Ore oop vir God! Ge- hoorsaam sy onderrig!**

Spr. 10:29 Verskillende vertalings

AB 1953

Die weg van die Here is vir die { vrome 'n vesting, opregte }

maar 'n ondergang vir die werkers van ongeregtheid.

AB 1983

Om te leef soos die Here dit wil, is die krag van die opregte; vir die wat onreg doen, wag daar ondergang (vryer vertaling).

Die wysheidsleeraar herinner aan die bron van alle ware kennis en wysheid. Dit is die selfopenbaring van God in sy skepping, voorsienigheid en verlossingswerk en veral in die Skrif. Die weg is die werk en leiding van die Here. Vir die vrome is dit 'n vesting, waarin hy hom/sy haar volkome veilig voel. (Met beklemtoning onder die Here se leiding en onder die seën van die Here). Vir die werkers van ongeregtheid beskik die Here egter ondergang.

Spr. 12:1 Verskillende vertalings

AB 1953

Een wat die tug liefhet, het kennis lief, maar wie die teregwysing haat, is dom.

AB1983

Wie hom laat leer, wil graag kennis ontvang; wie hom nie laat tereg wys nie, is 'n dom mens.

Merk op: *verskillende reaksies op tug/teregwysing. Die bedoeling is om daarop aan te dring om tug en teregwysing lief te hê en nie te haat nie. Die wyse persoon aanvaar teregwysing en groei gevolglik wyser. Om kennis lief te hê, beteken om kennis te verwerf.*

Slaan 'n mens hierdie raadgewing in die wind, dan toon 'n mens dat jy dom is en bly dan dom. 'n Mens moet oopstaan vir kritiek,

selfs selfkritiek. Hoewel die opvoeding streng is, kan en moet 'n wyse dit liefhê.

Spr. 12:28 Verskillende vertalings

AB 1983

Gehoorsaamheid aan God lei tot die lewe, dit is 'n pad wat nie na die dood lei nie.

AB 1953

Op die pad van geregtigheid is lewe, en die rigting van dié pad is onsterflikheid.

LB

Gehoorsaamheid aan God lei tot die ware lewe, maar sonde lei 'n mens die afgrond in.

BvA

Wanneer mense aanhou om reg te doen, dan hou hulle aan om te lewe, Wanneer hulle aanhou om so te lewe, dan sal hulle nie sterf nie.

In die lewe, ooreenkomstig die maatstaf van die Here se wet, is lewe in die diepste sin van die woord; geregtigheid en lewe is ten nouste met mekaar verbind, m.a.w. 'n doen ooreenkomstig die wet en lewe. Op die pad wat in ooreenstemming met die wet van die Here is, is daar lewe. **Kortliks:** Gehoorsaamheid van God (wat gehoorsaamheid aan ouers, ens. insluit) gee lewe.

Spr. 13:13-16 Verskillende vertalings

(13) Gispen (in Afrikaans letterlik weergegee)

Wie die woord verag, bly daaraan verpand (van hom word 'n pand geneem), maar wie die gebod vrees – aan hom sal dit vergeld word.

AB 53:

Wie die Woord verag, moet dit ontgelde; maar hy wat die gebod vrees, ontvang vergelding.

1 AB 1983 se "vrugte pluk" is 'n vertaling van 'n Hebreeuse woord vir vergeld. Vir die Oud-Israeliete was dit onmoontlik om hulle voor te stel dat dade en wysheid nie vrugte sou dra nie.

AB 83:

Wie hom nie aan die woorde van die Here steur nie, sal die gevolge dra, wie eerbied het vir sy gebooe, sal die goeie vrugte pluk.¹

BvA

Wanneer 'n persoon nie wil doen wat 'n wyse mens vir hom wil leer nie, dan sal hy arm word en hy sal iemand se slaaf moet word, maar wanneer hy doen wat 'n wyse mens vir hom sê, dan sal hy 'n beloning kry.

LB

As iemand die Here se woord verag, sal hy swaar gestraf word, maar as 'n mens na sy bevele luister, sal hy beloon word.

woord (kleinletter) is hier = woord van die Here, of dit kom as wet of profesie = woord en gebod van die wyse = wysheidspreuk. Eenmaal kom die tyd dat die oortreder die pand moet los deur tog die woord te gehoorsaam of dit kos hom sy lewe. Iemand wat nie direk kan betaal nie, gee iets as 'n pand, as waarborg. Die spreuk wil sê: eenmaal sal hy die pand moet inlos deur aan die w/Woord gehoorsaam te word of deur die Woord/woord dodelik getref te word. Dit is gevaarlik vir die een wat die woord van God verag (nie beperk tot die Mosaïese wet nie, maar dit ingeslote). Die woord en gebod van die Here word nie straffeloos verag nie. Daarteenoor wie die gebod van die Here vrees, word beloon. **Let op: hier funksioneer die belonings- en vergeldingsgedagte duidelik.**

(14) AB 53:

Die onderrig van die wyse is 'n fontein van die lewe, om die strikke van die dood te ontwyk.

Die onderrig (tora) van die wyse is verfrissend en lewegewend en daarom 'n bron van die lewe deur mense te lei om af te wyk van die valstrikke van die dood – voorgestel as 'n jagter of voëlvanger wat loer op sy prooi. Dood kan, soos lewe in die diepste sin ge-

Vervolg op bl. 14

Vervolg van bl. 13

neem, meer omvattend as die liggaamlike dood en die liggaamlike, tydelike lewe wees. Die onderwys is 'n bron van lewe, en tog meer as lewensgeluk, 'n put waaruit werklike lewe kom. Dit onderstreep dat wysheid en godsvrug ten nouste saamhang en die belonings-/vergeldingsgedagte is ook duidelik ingebed, nou 'n saak van lewe en dood. Toegepas kan ons sê dat die wyses oorspronklik die Ou-Testamentiese wysheidsleraars was; maar vertolk kan word as die predikante, kategete, christenonderwysers en ouers.

(15) AB 53

'n Goeie verstand verskaf guns, maar die weg van die ontroues is hard.1)

Gispen: onveranderlik = steeds troueloos

AB 83

Iemand wat goeie insig het, geniet goedgesindheid; die pad van onbetroubare mense lei tot vernietiging.

Goeie verstand is hier die fyne onderskeidingsvermoë om te weet wat passend is in die omgang met medemense, waardeur iemand hulle guns verwerf. Omdat die weg of handelwyse van die kwaadwilliges onveranderlik troueloos is of hardvogtig of ongepas en moeilik aanvaarbaar, beland hulle in die onguns van hulle medemens; *weereens loon of straf*.

(16) AB 53

Elke skrandere handel met kennis, maar die dwaas strooi sotheid rond.

AB 83

Alles wat 'n verstandige doen, word met kennis gedoen; wie nie wysheid het nie, begaan een dwaasheid na die ander (vryer vertaling) .

Die skrandere is egter ingetoë, hy swyg en handel. Sy/haar doen kom uit, hy/sy handel met kennis van sake. Die dwaas daarteenoor loop

met sy/haar dwaasheid te koop, soos 'n smous sy/haar ware uitstal. Sy/haar handelinge laat duidelik dwaasheid uitkom.

Spr. 13:20 Gispen se vertaling met aantekening.

Gispen se vertaling volg soos die AB53 en AB83 die Hebreeuse konsonanteteks.

Gispen: (Letterlik in Afrikaans vertaal)

Wie met wyses omgaan, word wys; maar wie met dwase verkeer, word sleg.¹⁾ maar wie met die dwase verkeer, word verkeerd. Leidse Vert.

(Ook letterlik in Afrikaans weergegee).

1) Daar is 'n dubbelsinnigheid in Heb., met ook moontlike vertaling: die maats van dwase ly skade.

Die omgang met die wyses kan insluit die navolging van hulle onderwys, maar op grond van die teenstelling is dit goed om aan *omgang, assosiasie, verkeer met te dink*. Die omgekeerde is dan:

wie met dwase verkeer, word 'n slegte mens.

In die omgang met ander kom groot invloed in die spel – ten goede of ten kwade. Die wins van wysheid is baie groot. Daarsonder maak jy foute, jy beland in die verkeerde geselskap en maak oordeelsfoute. Wysheid en dwaasheid is aansteeklik. 'n Mens word nie om dowe neutte aan sy vriende geken nie, want assosiasies met sekere tipes het die neiging om mense te laat aanpas by die groep waar hulle inskakel. Jy kan naderhand nie meer tussen reg en verkeerd onderskei nie. Jy word vals en by die dag al meer dwaas. Die dissipline van die wysheid bied die enigste verweer daarteen. Jy moet die geselskap van wyse mense opsoek en by hulle leer. Jy moet ervaring opdoen en aanleer om met wysheid besluite te neem. (Versigtig egter vir “beproeef alle dinge en behou die goeie”). Vgl. Gemser in *Teks en Uitleg* vir soortgelyke spreuke uit ander literatuur wat waarskuwings bevat teen slegte omgang (Vgl. 1:10; 2:12; 4:14; 15:12; Jesus Sirag 6:34; 8:9; 9:14-16; 131; 22:13) .



Besikbaar by
Aros Uitgewery
Dickensonlaan 1170
Waverley
Pretoria

**Die toekoms
van Suid-Afrika**
vir jou en my,
vanaf 2014

Justus du Rand

100+ aanwysers, positief en negatief

204 bladsye, geïllustreerd, R210
Justus du Rand is die skuilnaam vir 'n bekende in ons kerklike kringe.

Posbus 31120
Totiusdal, 0134
012 332 3227
info@aros.ac.za

“Uit liefde vir die waarheid” – gedenkmuur van die Reformasie

2 November 2013

Deur die genadewerk van God neem die Reformasie op 31 Oktober 1517 met Luther se 95 stellings 'n aanvang, waarvan die voortekens al vir geruime tyd merkbaar was. Spoedig word die Reformasie 'n geestelike stormvloed wat die vestings van die Middeleeuse kerk deurbreek. Wittenberg is in die raadsplan van God gekies as die vesting van waaruit die golwe van Reformasie die hele Europa oorspoel het; Zürich en Genève was die ander sentra waaruit die invloed van Zwingli en Calvyn Europa opnuut in beroering gebring het en die helpende hand gebied het in die stryd wat die Reformasie met die vyandelike kerke en staatkundige magte moes voer. Mettertyd groei besondere invloedssfeer vanuit Wittenberg en Genève – in wedersydse verhouding – waarop bykans alle kerke wat op die belydenis van die reformatoriese Christendom staan, gegroei het.

Die Reformasie-geskiedenis is soos 'n mosaïek wat deur Gods Hand inmekaar gepas is tot 'n getuienis van Sy almag, trou en instandhouding van Sy Kerk en die ware belydenis in die wêreld. Die monument wat vandag ter ere van die Reformatore van die 16de en 17de eeue onthul word, is bowenal 'n getuienis van dankbaarheid vir die kosbare nalatenskap uit die Hand van God toe die duisternis in die nag van ongeloof, bygeloof en mensverheerliking gedreig het om soos 'n bose hand die waarheid van die Woord en die belydenis van die Kerk van Christus uit te doof. Dié monument word vandag onthul en gewy aan die werk van God

om die ware geloof in die harte van Sy volk te ontsteek; om nie die vrede van mense na te jaag nie, maar om die ware vrede van Jesus Christus ons Here te soek; om die verbondstrou van God aan Sy kerk op aarde oor al die eeue te verkondig; in tye van geloofsverval en verspreiding van dwaalleer die vrees vir die Here in te skerp; om alle eersug en trots teen te gaan en alleen in die Here te roem; om onder alle omstandighede die goeie stryd te stry, die vestings van die bose in die Naam van die Here neer te werp en die vervalde geloofsmure met toewyding te herbou tot die verheerliking van die Naam en die Roem van onse God tot in alle ewigheid.

Die waarheid van Gods Woord, die ware leer en die gereformeerde belydenis word tans in ons vaderland geminag en bespot. Suid-Afrika is 'n land onderweg na die afgrond van ongeloof, wangelooft en bygeloof. Die vestings van die Bese en die werk van verval en geestelike vernietiging word met ywer opgerig en versterk; die spore van godsdienstige verval en ineenstorting loop oor alle terreine van ons vaderland; teenoor die Evangelie van die Waarheid word revolusie die norm – onderwys, sedelike, die staatkunde en politiek, die ekonomie en die wetenskap weerspieël die vlakke waartoe ongeloof en afwyking van die ware gereformeerde leer die maatstaf in die huidige tyd geword het. Daarom staan hierdie Reformasie-monument as 'n oproep tot lewende en voortgaande Reformasie in ons vaderland en in ons volkslewe. Dié monument staan as 'n oproep tot

die stryd vir die waarheid van God se Woord, die handhawing en die toepassing van die ware gereformeerde belydenis. Op grond van die waarheid van God se Woord en die getuienis van God se werk deur die Heilige Gees, is hierdie Reformasie-moment 'n oproep tot daadwerklike reformasie in ons land en in ons volkslewe. Soos die 16de en 17de eeuse Reformasie is die monument 'n tasbare oproep tot herstel van God se Woord in kerk, volk en staat – slegs dan kan die huidige vlaag van revolusie wat oor ons hele land brand gestuit en die eer van die Drieenige God in ons vaderland herstel word.

Hierdie monument is egter ook 'n gedenkmuur wat God se genadewerk deur gelowiges verkondig en Sy lof vir die bewaring van Sy kerk in alle tye besing. By hierdie geleentheid dank ons God vir die instandhouding van Sy kerk ook in ons vaderland en die planting van die gereformeerde leer en belydenis in ons vaderland. As geestelike erfgename van daardie gereformeerde erfenis, betaam dit ons om Gods werke deur gelowige voorgeslagte te gedenk. Ons dank ons Hemelse Vader bowenal vir die geestelike nalatenskap wat Hy vir ons deur die werke en geloofstoewyding van die Reformatore van die 16de en 17de eeue geskenk het. Daarom betaam dit ons om vandag in herinnering te roep die geskiedenis van die Reformasie waarvan hierdie monument 'n tasbare huldiging is.

Uittreksel uit die Reformasie-gedenkblad, geskryf deur prof. AWG Raath



Mens, waarom lyk die wêreld so?


Oor God se teenwoordigheid en König se dwaalspoor


Waar is God in hierdie swaarkry, deurmekaar wêreld? Waar was God tydens die tsunami's in Japan? Waar was God tydens die 2001 terreuraanvalle op New York? Waar was God tydens die moorde op die Jode in die Tweede Wêreldoorlog? Dit is moeilik om antwoorde op hierdie vrae te kry. In 2002 het die kontroversiële boek van Prof. Adrio König *God, waarom lyk die wêreld so?*, verskyn. König het 'n nuwe oplossing vir die probleem van swaarkry probeer bied, maar in die proses het König egter God se almag betwyfel.

Morné Diedericks se boek *Mens, waarom lyk die wêreld so?*, in reaksie teen König se boek *God, waarom lyk die wêreld so?* bied die gereformeerde antwoord op die probleem van kwaad en

swaarkry. Hoewel Diedericks in 2011 'n HB & MJ Thom-toekening ontvang het vir uitnemende navorsing op die gebied van kwaad en swaarkry, verenig hy in hierdie boek teoloog, filosoof en gewone persoon op straat, op 'n aktuele wyse. Die waarde van die boek is ook opgesluit in die rigtinggewende aanpak van hierdie vrae en antwoorde. König poog ook om nuwe antwoorde op nuwe vrae te formuleer. Sy leemtes word egter goed ontbloot en 'n tetiese aanpak as antwoord daarteenoor gestel.

Mens, waarom lyk die wêreld so? is populêr geskryf, maar boet geen diepte in nie. Inteendeel, dit wil eerlik in gesprek tree met die huidige lewensvrae in mense se lewens. Dit maak egter ook erns

met die feit dat God se Woord as spreke van God altyd relevant en aktueel is. Hierdie boek is vertroostend en apologeties. 



Vervolg van bl. 4

groepe, ook wat die taal betref, gelyke behandeling moet ontvang. Die vraag ontstaan dus of hierdie benadeelde belangegroep, wie se taalvoorkeur genegeer word, se geld vir sodanige ondernemings – wat aan slegs een taal voorkeur gee – swaarder weeg as enigiets anders.

Van God gegewe

By die VCHO kan ons ons op die beginsel van moedertaalonderwys beroep, omdat die taal nie die uitgedinkte maaksel van die mens is nie, maar 'n gawe van God, soos Hy dit vir elke volk of belangegroep op aarde bestem het (dink aan die uiteengaan van die volke by Babel op die grondslag van taalonderskeid). Taalhandhawing verseker ondermeer dat deur die diversiteit wat in die skepping ingebou is, die grootsheid van God se skeppingswerk uitgestal word, tot sy eer. Dit gebeur wanneer aan die besondere taal wat eiendomlik aan elke volk of taalgemeenskap behoort, die no-

dige erkenning en staanplek gegee word.

Eie taal en kultuur

Ons dring gevolglik, vanuit bogemelde beredenering, nie daarop aan dat mense in Suid-Afrika hulle onderrig en opvoeding in slegs een van twee tale, Afrikaans of Engels, móét ontvang nie. Daarom is dit ook ons verklaarde uitgangspunt dat andere die erkenning van hulle eie taal nie ontnem mag word nie. Dit staan elkeen vry om op die taal waaraan hy of sy voorkeur gee, aanspraak te maak, óók wanneer dit by onderwys en opleiding kom. Wanneer bepaalde taalbeleid aan opvoedkundige instellings goedgekeur is, ten einde die kulturele gemeenskappe se belange ten regte te dien, moet daarmee rekening gehou word. Hierdie saak is van uiterste belang, ter wille daarvan dat die verhouding tussen die universiteite en die gemeenskappe ten behoeve van wie die opleiding gebied word, op 'n gesonde grondslag uitgebou word.

Verengelsing

Ons eie volk se verbete stryd teen verengelsing is goed bekend, nie omdat daar noodwendig iets teen Engels ingebring wil word nie, al het vroeëre geslagte dit as die “taal van die onderdrukker” beleef. Dit was egter die geval, omdat die imperiale magte hulle politieke-ideologiese belange deur middel van die afdwinding van Engels wou bevorder. Uit beginsel was dit so dat die voorgeslagte die handhawing van die eie taal, kultuur en politiek bo die destydse beleid, waarkragtens Engels dominant sou wees, gestel het. Sonder dat die owerhede dit moontlik so voorsien het, het 'n weerstand daarteen ontstaan, omdat dit téén die hele lewensinstelling van voorgeslagte ingegaan het.

Taal en identiteit

Handhawing van die eie taal het in die eerste plek 'n religieuse of godsdienstige grondtoon, of mense dit nou wil erken of nie. My liefde vir

Vervolg op bl. 19

Hoe die Christelike geloof die wêreld verander het

Jy woon in 'n gerieflike huis, met elektrisiteit, krane met koue en warm water, luukse badkamer-geriewe. Jy het 'n motor, jy hou minstens een keer per jaar 'n lekker vakansie en ook so 'n paar lang naweke. Jy kan reis, jou kinders gaan na goeie skole of universiteite.

Jy doen die minimum aan hand-arbeid, in elk geval nie vir jou werk nie. Die oefeninge wat jou liggaam nodig het, doen jy op 'n lekker manier. Dalk deur in die tuin te werk, dalk deur te draf of in 'n gimnasium te oefen of net te stap. Jy kan ry of vlieg waarheen jy wil, lees, in restaurante uiteet, op verskeie maniere met ander mense kommunikeer en inligting bekom.

As iets met jou verkeerd is, is daar talle dokters, spesialiste, medisyne, hospitale en behandelings wat jou 'n goeie kans op herstel gee.

Jy is 'n tipiese Westerling en jy leef in 'n fantastiese wêreld. Nog nooit het mense so gelewe nie. En nie net jy nie. Daar is nog tussen een en twee miljard mense op hierdie aarde wat min of meer so lewe. En daar kom al meer van hulle.

Vyftig jaar gelede was dit nie so nie. Honderd jaar gelede was dit glad nie so nie. Om nie te praat van twee honderd jaar gelede toe daar nog nie dinge was soos motors, vliegtuie, elektrisiteit, rekenaars, tablette, selfone, radio's en televisie nie. En luukses soos warm water, 'n badkamer en toilet in die huis was net vir die rykes onder die rykes beskore.

Om nie eers te praat van die vryheid wat ons geniet, van demokratiese regeringstelsels, van regstelsels, van sosiale en fisiese infrastruktuur wat alles uniek in die geskiedenis van die

wêreld is. Dalk alles gebreklik en kritiseerbaar, maar darem.

Het jy ooit daaraan gedink watter rol die Christelike geloof gespeel het en steeds speel in hierdie fenomenale ontwikkelings en veranderings in die afgelope paar dekades en eeue? Kom ons kyk 'n bietjie na die oorsake.

Al hierdie dinge is die gevolg van die vermoë van die Westerse mens om logies, rasioneel en wetenskaplik te begin dink, vanaf min of meer 500 jaar gelede. Dit het gelei – eintlik gepaard gegaan – met die vermoë om kennis en insig om te sit in tegnologiese ontwikkelings op talle gebiede.

Hoe het dit begin? Daaroor bestaan talle teorieë en derduisende boeke. Maar nie sekerheid nie. Enkele belangrike faktore staan egter soos 'n paal bo water en niemand ontken dit nie:

Die moderne ontwikkeling waarvan ons praat, het in Europa begin, veral in Wes-Europa. Ja, die Europeane het geleer en geleen van Chinese, Afrikane, Grieke en Arabiere. Maar al die wetenskaplike en tegnologiese ontwikkelings waarop vandag se moderne wêreld gebaseer is, kom hoofsaaklik uit Europa.

Europa was vanaf ongeveer die jaar 500 nC grotendeels Christelik. Ja, die daaropvolgende klompie eeue is die “Donker Middeleeue” genoem. Maar gaan lees bietjie daarvoor na en jy kom agter dit was nie so donker nie. Daar was kerklik, tegnologies en wetenskaplik baie voorbereidende werk wat tot die Renaissance van die 15e en 16e eeu gelei het.

Stadig maar seker, oor honderde jare, het Christelike waardes en lewensbeskouings 'n al groter invloed begin uitoefen. Dink maar aan die Tien Gebooe, die opdrag

om Gods Woord wêreldwyd te verkondig, aan Christelike toekomsgerigtheid, aan die kultuur-opdrag en geroepenheid, aan medemenslikheid, integriteit, eerlikheid en 'n lewe om te werk.

Veral toe mense die Bybel self begin lees het, vanaf die 16e eeu, het hierdie waardes al meer impak begin kry. Die gevolg was nie net die Reformasie nie, maar ook die invloed wat Christene op die ontwikkelende renaissance-mens uitgeoefen het.

Intussen het Satan nie stilgesit nie. Hy het die sondige geneigdheid van mense – ook van Christene – aangegryp om te sorg dat al die ontwikkelings nie net op die regte manier benut is nie. Nee, hy het gesorg dat die sondige mense hul nuutgevonde vermoëns ook op talle verkeerde – sondige – maniere aangewend het. Dink maar aan kerklike verdeeldheid, godsdiens- en ander oorloë, kolonialisme, slawerny en die ontwikkeling van die verskriklikste wapens, om maar enkele dinge te noem.

Daar was ook ander ontwikkelings. Ongelowiges en sondige Christene het gesorg vir allerlei denkrigtings wat nie volgens God se wil was en is nie. Dink maar aan die humanisme wat die mens in die middelpunt geplaas het en die daaruit voortspruitende ideologieë soos kapitalisme, sosialisme, kommunisme. Die mens het begin glo dat hy God nie meer nodig het nie. Sy kundigheid sou 'n mensgemaakte utopie moontlik maak.

Natuurlik moes die ideologieë misluk en het ook. Om plek te maak vir die post-modernistiese klem op individualisme, genotsug, egosentrisme, relativisme,

Vervolg op bl. 18

Vervolg van bl. 17

en die talle pogings om die gesag van die Drie-enige God, sy Woord en die soenverdienste van Jesus Christus te misken.

By dit alles was en is een ding egter seker: die Christelike geloof het 'n enorme invloed op al die ontwikkelinge uitgeoefen. 'n Mens kan die stelling maak dat hoe sterker die invloed van die ware Christelike waardes op ontwikkelings op plekke was, hoe gesonder die ontwikkelings was. Wes-Europa en Noord-Amerika is goeie voorbeelde.

Die teenoorgestelde is net so waar. Hoe swakker die invloed van Christelike waardes was, hoe ongesonder die ontwikkelings. Dink maar aan die kommunistiese lande in die tweede helfte van die vorige eeu, en die drastiese gevolge van verskeie ander ideologieë en onchristelike godsdienste.

Hoewel byna 'n derde van die wêreld se bevolking hulself Christene noem, begin dit al duideliker word dat Christelike waardes en norme invloed verloor. Groot verskuiwings is besig om plaas te vind. Kyk na enkele voorbeelde.

Die sogenaamde Westerse beskawing waar Christelike waar-

des die meeste invloed gehad het, kan al minder "beskawing" genoem word. Kyk maar hoe die Christendom in Wes-Europa sedert die Tweede Wêreldoorlog agteruit gegaan het. Die Satan het dit reggekry om talle Christene te oortuig dat die Bybel nie God se gesaghebbende Woord is nie, dat talle oneerlike, onsedelike, genotsoekende en egoïstiese gebruike aanvaarbaar is, en dat hardwerkendheid en werketiek nie meer hoog geag word nie. In Suid- en Noord-Amerika is dieselfde tendense te sien.

Maar in Afrika daar is sterk groei van die Christelike geloof. Die Christelike waardes en uitlewing van norme wat daarmee gepaard gaan, moet nog oor geslagte ten volle in mense se lewens integreer en lewens begin beheers. Ook in lande soos Suid-Korea en in mindere mate in China is 'n sterk opbloeï en uitbreiding van die Christelike geloof.

Soos op talle ander gebiede kan die Christendom in Suid-Afrika 'n mikrokosmos genoem word: die hele wêreld se tendense saam in een land. Onder die blanke gaan die Christelike geloof vinnig agteruit, met al die degenererende gevolge daarvan. Soos ontwrigte huwelike, selfsug,

materialisme en genotsug, rasisme, die Bybel wat al minder gelees en geleer word, en liefde wat liefdeloosheid geword het.

Die Weste is besig om die vrugte van die geloof in die enigste God as Skepper, Bestuurder en Onderhouer en alles wat Hy aan die Westerling gegee het, weg te gooi. As nie meer na Gods Woord gelewe word nie, is die gevolge ramspoedig, nie noodwendig binne enkele jare te sien nie, maar wel oor enkele dekades.

Onder die swart bevolkingsgroepe groei die Christelike geloof, hoewel nog dikwels in 'n sinkretistiese verhouding met tradisionele gelowe, en met 'n groot verskeidenheid sektes en ketterye. In 'n mate soos in die Weste in die eeu voor die Reformasie.

Waar laat dit ons as gelowiges? Dit laat ons in die wete dat ons roeping om die ware evangelie hier in SA te verkondig en uit te lewe, belangriker as ooit is. Die Here gee nog baie geleenthede. Laat ons dit benut voordat die Here die geleenthede van ons wegneem, met al die verskriklike gevolge wat dit sal meebring.


Rob van der Kooy
5 September 2013



Geloofsverrykend

"Ons moet erken: Ons word duiselig hoe meer ons probeer om ons in te dink in die misterie van hierdie mistieke eenheid met ons Verlosser. Die geheimenis van hierdie eenheid verdiep nog meer wanneer ons daarop ag gee dat dit nie met ons wedergeboorte begin het nie, ook nie die dag toe ons tot geloof in Christus gekom het nie, maar dat dit teruggaan na die verborge dieptes van die ewigheid." So skryf ds. Hannes Venter in sy boek *Aan Sy maaltyd – beleef saam die rykdom*. Die boek is geskryf om die betekenis van die nagmaal vir die gewone lidmaat te verduidelik en dit maak die wonderlike rykdom daarvan op 'n bevatlike manier oop. Mense wat dit reeds gelees het getuig dat dit vir hulle geloofsluwe ontsettend baie beteken het. Die elemente van die nagmaal word behandel op so 'n manier dat dit opnuut die lidmaat/leser se nadenke oor hierdie maaltyd van

innige gemeenskap verryk, wat tot ware geloofsverdieping lei. Die boek is in maklik leesbare skrif en vir die gewone lidmaat geskryf. Dit beslaan 168 ble. en kan in 'n kort tyd deurgelees word. Die boek is steeds van die VCHO beskikbaar teen R110,00 posgeld ingesluit. Dit kan ook as 'n dienlike geskenk vir iemand aangekoop word. Verskaf in lg. geval slegs aan ons die adres van iemand aan wie u dit as geskenk wil laat aanstuur en ons sal dit so doen.



In memoriam



Die derde keer hierdie jaar het ons die doodsberig ontvang van 'n geesgenoot en stryder wie se lewe nou met die VCHO verbonde was. Prof. Koos Lombard, jarelange lid, maar wat ook vir etlike jare in die hoofbestuur gedien het, is op 9 Oktober vanjaar op 91-jarige ouderdom in Bloefontein oorlede, nadat sy gesondheid die afgelope jare geleidelik agteruitgegaan het.

Prof. Koos was aan talle bekend, vir die voortreflike wyse waarop hy die predikantsamp eers in die NG-moedergemeente van Nelspruit en daarna tot in 1959 in Noordhoek-gemeente in Bloemfontein vervul het. Verdere teologiese studie het egter gewag en daarvoor moes hy na Amsterdam, Nederland gaan. Daarna het steeds ander en nuwe horisonne gewag om verken te word, wat hom ook vir studie en deelname aan kongresse na ander wêrelddele geneem het, ondermeer die VSA. Deur sy kontakte met gereformeerde tersiêre instellings van oorsee het hy bande met erkende wetenskaplikes in die reformatoriese denktradisie opgebou, wat vir die akademie in die algemeen en die saak van die VCHO in besonder

groot voordeel ingehou het, gedagtig aan die belang van Christelike onderwys en wetenskap.


Dit is verder veral bekend dat prof. Koos as departementshoof sedert 1970 die Departement Bybelkunde aan die UOVS gevestig en uitgebou het, waar hy ook later as hoogleraar afgetree het in 1986. Gedurende hierdie uitsonderlike tyd in die bestaan van die universiteit het talle studente van regoor die land die voorreg gehad om Bybelkunde te kon studeer, afgesien daarvan of hulle hul vir predikant sou bekwaam, aldan nie. Bybelkunde, soos dit aan die UOVS aangebied was, het as volwaardige vakgebied 'n nuwe wêreld binne die akademie vir talle studente oopgemaak, van wie nie almal noodwendig later predikant geword het nie, maar ook die onderwys en ander velde betree het, met seënryke gevolge. Baie van sy oudstudente onthou die professor met die besondere vermoë om boeiend te kon klasgee. Hy het sy vakgebied uitmuntend geken. Onder sy bekwame studieleiding, is talle na-graadse kwalifikasies verwerf.

Die vestiging van die Departement Bybelkunde het die weg geopen vir die tot standkoming van die huidige Fakulteit Teologie aan die UV, waar predikantsopleiding sedertdien ook in die Vrystaat aangebied kon word, 'n lankgevoelde behoefte tot in daardie stadium.

Vir ons was dit 'n buitengewone voorreg om prof. Koos persoonlik te kon ken, hierdie baie vrugbare jare van diens in belang van Gods Koninkryk, danksy sy aansteeklike ywer, met hom te kon meemaak en

uit sy lewenswysheid te kon put. Hy was 'n stoere voorstander van Christelike onderwys en wetenskap, wat hy op byna elke denkbare wyse probeer bevorder het. Sy verbondenheid met die VCHO was dus in vele opsigte 'n natuurlike saak, waar hy die ruimte gevind het om hom vir hierdie lewenslange gekoesterde ideaal te beywer. Hy het vanuit vaste Calvinistiese ootuyging binne die VCHO daarvoor gewerk, maar ook daarbuite, deur hierdie saak wat hom so na aan die hart gelê het, te bevorder, selfs jare na sy emeritaat aan die Universiteit van die Vrystaat.


Prof. Koos het onvermoeid en met toewyding gewerk, deur op akademiese en kerklike gebied, asook die volksakker, betekenisvolle bydraes te lewer. Verder sal sy bydrae tot die kulturele lewe onthou word. Hy was na aftrede nog vir etlike jare voorsitter van die Bloemfonteinse Kultuurraad, hoofbestuurslid van die FAK en voorsitter van die VCHO. Die herinneringe aan hierdie hoog aangeskrewe en gewaardeerde teoloog en latere dosent/lektor, mentor en vriend is aangenaam en kosbaar.

Die VCHO betuig hiermee ons opregte meelewing met mev. René Lombard en die drie seuns en 'n dogter wat uit hul huwelik gebore is. Sy het deur al die jare heen getrou aan prof. Koos se sy gestaan en gedurende die laaste jare waarin sy gesondheid verswak het, hom steeds tuis versorg en laat versorg. Ons bedede is dat die naasbestaandes die ryke vertroosting van ons Hemelse Vader sal ontvang. 

Vervolg van bl. 4

my eie taal en gevolglik ook kultuur, kan nie van my godsdienstige skering en inslag losgemaak word nie. Dit is sake wat op 'n delikate manier met mekaar verweef is. Tussen die eie taal en die waarhede van ons algemene Christelike

geloof, is daar 'n emosionele, kognitiewe en psigologiese band, wat nie verbreek kan word sonder dat dit gevolge inhou nie. Sover dit die opvoeding aangaan, is die taalvoorkeur wat ouers uitoefen, reeds van hulle kinders se kleintyd af bepalend vir hul grootword. Reg-

denkende ouers weet dat, indien hulle met die onderrig tuis en later op skool die grootste mate van sukses wil behaal, en hulle kinders vir die Christelike geloof en eie kultuur wil behou, hulle met voormelde werklikhede rekening moet hou. 

Aanslag op ons Christelike geloof

Met mnr. Daan Nortier (afgetrede regsman van Bloemfontein) se waarneming in Aktueel tot die Volksblad van 12 November kan ons ons volkome vereenselwig. Onder die opskrif "Is Bybelse beginsels in SA in die spervuur?" laat mnr. Nortier hom ondermeer uit oor die ANC-aanslag op die Goddelike Drie-eenheid en ander sake wat teen ons Christelike geloof indruis. 'n Gedeelte uit mnr. Nortier se skrywe (hieronder) verwoord die Christelike standpunt op sprekende wyse en ons vind dit nodig dat dit hier weergegee word:

Die Bybel is die fondament waarop die Christelike geloof gebou is en rus. Dis gevolglik óók die grondslag waarvandaan prediking en alle lering in welke formaat ook al, hetsy formeel of in klein-groepe in gemeentes, in die kerk plaasvind. As die Bybel die kerk ontnem word, wat bly oor? Dis juis in hierdie rigting waarop dié verwickelinge (in SA – Red.) dui.

Gesinslewe

Dis betekenisvol dat die punt van die spies in die aanval op die hart

van die Christen-gesinslewe gerig word. Die wese van die huwelik en ouerlike gesag is grondliggend in die gedrang. Die Bybel is duidelik oor die huwelik. Dis daarvolgens al uit Genesis 'n eksklusiewe Godgeskepte eenheid tussen een man en een vrou. Kinders uit dié besondere eenheid is die natuurlike vrug en Goddelike seën daarop. Die Bybel plaas bepaalde verantwoordelikhede vir 'n gesonde gesinslewe op elke lid daarvan: man teenoor vrou wedersyds en ouers teenoor kinders wedersyds.

Die Bybel is uitdruklik daarvoor dat die ouer wat nie die kind straf nie, hom nie liefhet nie, want as hy hom liefhet, sal hy hom straf wanneer dit nodig is. Die beginsel is Goddelik, want óók God "straf die mens wat hy liefhet, net soos 'n vader doen met sy seun". Die onderliggende beginsel is "n pak slae en 'n teregwyding bring wysheid: 'n kind wat sonder dissipline grootword, steek sy moeder in die skande". Alle optrede hieromtrent word begrens deur die

liefdesbeginsel, wat soos 'n goue draad deur die hele boek loop.

Dis egter nie net die spanning wat dié aanslag op geloofsvryheid plaas nie, maar dis ook die wese en uitleg van die tersake regsbeginsele oor ouerlike gesag en die beste belang van kinders luidens ons reg wat in gedrang is. Die Grondwet, asook die Kinderwet, het spesifieke bepalinge daarvoor. Iewers in die verskiet wag 'n beslissende veldslag hieroor vir die land se Christen-gemeenskap.

Ouerlike gesag is nie net Bybels oud nie, maar ook stewig veranker in ons land se Romeins-Hollandse regstradisie. Hierdie deel van ons gemene reg is steeds die wortel van die inhoud van ouerlike gesag.

Dié gesag was deur die eeue wesenlik op die kind se koestering en opvoeding gerig. Die klem het gerus op die belang van die kind en die ouer se verantwoordelikheid en regsplig daarmee. Dit word nou uitgedaag. Die siel van die Christen-gesin is op die spel.



Die Hoofbestuur van die VCHO verklaar hiermee dat die standpunte van outeurs in *Roeping en Riglyne* nie noodwendig die amptelike standpunt van die VCHO is nie.

ROEPING
en
RIGLYNE

REDAKTEUR: Ds C. Bester
KERNREDAKSIE: Prof A.W.G. Raath,
Prof D.F.M. Strauss.



Die Uitvoerende Beampte
Posbus 1824
Van Schalkwykstraat 21, Universitas
Bloemfontein
9300 / 9301

Tel. (051) 525 2267 of
(051) 525 2341
Faks (051) 522 4513
E-pos: vcho@mjvn.co.za
Tuisblad: <http://www.vcho.co.za>

HOOFBESTUUR

Prof A.W.G. Raath (Bloemfontein, Voor-
sitter), Prof P.H. Stoker (Potchefstroom,
Ondervoorsitter), Prof E.J. van Niekerk
(Pretoria), Ds S. le Cornu (Carleton-
ville), Ds R. Bain (Potchefstroom), Prof
I.H. Horn (Pretoria), Dr H.G. Stoker
(Potchefstroom), dr A.L.A. Buys (Pre-
toria) en mnr M. Diedericks, (Pretoria).

Gekoöpteerde lede: Prof J.A.E. Aden-
dorff (Germiston).

Uitvoerende Beampte: Mnr H.J. Hayes